

Groete uit die Sinodehuis

12 November 2015

Kollega,

Die jaar is op sy rug en daarom skryf ek graag vir oulaas vanjaar sommer net 'n kort woordjie aan jou. Sedert ons laas in die winter op hierdie manier gepraat het, het ek die voorreg gehad om by al 17 ringe in ons sinodale gebied te kuier, was die Noordelike Sinode die gasheer vir die 16e sitting van die Algemene Sinode, het die somer is al sy felheid op ons toegesak en smag die aarde nou naarstiglik na reën...

As ek terugkyk na die 10 maande sedert ek my op 1 Februarie vir die eerste kuier in die Sinodehuis begin tuis maak het, dan is daar 'n paar dinge wat uitstaan:

- My kuier by al 17 die ringsittings was 'n besondere ervaring. Ek is veral beïndruk met hoe ringe dit regkry om hulle plaaslike omstandighede te interpreteer en dan ook daarop te reageer.*
- Die voorreg om met 'n klompie predikante individueel te kon kuier, was persoonlik verrykend. Baie dankie vir wat ek by julle leer!*
- By die sinodehuis het ek vyf personeellede aangetref wat gesamentlik meer as 130 jaar se ervaring van sinodale werk het. Mense wat die kerk met toewyding en lojaliteit dien, mense wat diep in my hart ingekruip het.*
- Ek is baie opgewonde oor die Noordelike Sinode-familie en sien met verwagting daarna uit om te beleef hoe hierdie familie in die toekoms nog nader aan mekaar gaan groei, en saam hande gaan vat om "Hoop te bring" en 'n "Verskil te maak".*

Ek vertrou dat ons in 2016 nog baie geleentheid gaan hê om te kuier. Onthou... ek aanvaar graag uitnodigings na geleenthede soos

gemeenteverjaarsdae en feeste, predikante se bevestiging/ontvangs en emeritaat, geleenthede om die Woord te verkondig op Sondag, asook tydens kerkjaarfeeste soos Paasfees en Pinkster.

Baie dankie vir 'n mooi jaar saam met jou! Mag die einde van die jaar jou bring by fisiese en emosionele rus... Mag die Kerstyd vir jou geleentheid gee om met nuwe oë na God, na jou mense en na jouself te kyk!

Groete,

A handwritten signature in cursive script that reads "Jane". The signature is written in black ink and is underlined with a single horizontal stroke.